# SAWA WATERBERG

**ONS SLUIT AF BY MARULA 20 – 22 NOVEMBER 2009**

Dit is met groot verwagting dat 30 Waterbergers saamgetrek het by Marula vir ons jaarlikse afsluitingsfunksie. Sewe woonwaens trek al vanaf Donderdag, 19 November 2009 saam. Dit begin reën en skielik daal die temperatuur. Vrydag bly die weer nog steeds onplesierig en almal kyk en luister aandagtig na die weervoorspelling. Saterdagoggend skyn die son!! Ons beleef die mooiste weer en ons afsluitings aktiwiteite verloop vlot.

Ons is uiteindelik 16 Waterbergers, 4 gaste en 1 besoeker wat saamtrek. Ons was bevoorreg om Jurie en Kittie Dreyer (SAWA Nasionale Voorsitter), André en Juliana Knoetze (GJ Voog) en Pieter en Johanna van Biljon (GJ Voorsitter) by ons te verwelkom. Ons saamtrek program het 'n "Kersfees" tema – dankie Errÿna. Ons "nuwe" Waterberger nuusbrief word ook onder die lede versprei – dankie Wilma vir jou harde werk.

Vrydagaand neem Willem Gerber die boekevat waar. Ten spyte van die reën, word "Hamburgers", onder leiding van Johan de Lange voorberei en verkoop. Die hamburger broodjies was eintlik groot wors rol brode (ons verskaffer het 'n fout gemaak). Nietemin, ons gebruik die rolletjies en toe het ons "Ham dogs" en was dit lekker!! Ons dink die verskaffer kan maar weer so 'n fout begaan want almal het dit baie geniet !!



Saterdagoggend (met lekker sonskyn) hou ons gesamentlike "brunch". Johanna van Biljon, Gebied Jakaranda (GJ) se Senior burger verteenwoordiger spreek ons toe oor beplande aktiwiteite van die GJ Senior burgers vir die jaar wat voorlê. Almal word uitgenooi om deel te neem aan die aktiwiteite wat vir die Senior burgers beplan word.

Na die "brunch" spring Lettie en Willemien aan die werk by "Die Stalle" waar die afsluitingsfunksie gehou is. Nadat die tafels gedek en versier is, lyk die saal te pragtig met die liggies en blomme rangskikkings – dankie Lettie en Willemien. Die spyskaarte en sjokolade is deur Errÿna Gerber voorsien – dankie Errÿna.

Toe die gaste arriveer, neem Faan Rabie almal af met sy videokamera om 'n DVD van die naweek se verrigtinge te maak – dankie Faan. Frank Veldsman verskaf deur die aand pragtige ligte agtergrond musiek met sy "musiek fabriek" – dankie Frank.

Johan de Lange tree op as seremonie meester. Lettie open die aand se verrigtinge met boekevat, met 'n boodskap oor die belangrikheid van die "SAWA Familie". Sy beklemtoon ons mooi land en die HOOP wat ons het:

Waar anders
in die Wêreld
kan jy dag vir dag
opkyk en elke keer
'n HEMELRUIM
ervaar so wyd en só
nimmereindigend
BLOU. Dís HOOP

Dan ook die manier waarop SAWA lede mekaar omhels met die woorde:

"A hug is a
great gift, one
size fits all"

Baie dankie Lettie vir die inspirerende woorde.

Mel gee 'n  oorsig van die jaar 2009 en die geleenthede wat SAWA skep vir almal in 2010 om deel te neem op Nasionale, Gebied en Streekvlak.

Jurie Dreyer oorhandig ‘n Nasionale Meriete toekenning aan Hennie en Cora Alberts vir 25 jaar lidmaatskap van SAWA.  Corneels en Olive van der Merwe ontvang ook ‘n Nasionale Meriete toekenning vir getroue diens gelewer in Streek Waterberg.  Baie geluk aan hulle.





Toe begin die dinee; Riekie en Monique van Marula sorg dat alles in die "kosafdeling"  onder beheer is en ons eet te lekker – dankie aan Marula vir alles !!!

Sondagoggend neem Ds. Danie Ueckermann die Erediens waar – wat ‘n pragtige boodskap. Ons sing saam met ons nuwe ‘CD’ wat gemaak is om by die SAWA Sangboek te pas; dankie aan Cora Alberts. Cattie en Dries van Wyk beheer die "CD Speler" en het ons begeleide musiek by ons Boekevat en Eredienste.

Die afsluiting word gehou na die Erediens.  André Knoetze spreek ‘n woord van dank uit teenoor die Waterbergers vir 'n aangename naweek.

Om die naweek af te sluit maak ons 3 hoenderpotjies (weereens dankie Johan vir jou harde werk) Almal eet vir oulaas saam in die Marula Restaurant en word daar gesellig gekuier. Johan Steynberg spreek ‘n woord van dank uit teenoor almal wat bygedra het om die naweek so aangenaam en lekker te maak.

**MEL UECKERMAN** **30 November 2009**